

9 April

Skrifgedeelte: Handeling 27 (OAV)

Fokusgedeelte: Handeling 27:23 en 35

Woeste see en kalme vertroue

Kerk en wêreld vaar in dieselfde bootjie. As die branders oor die boeg van Paulus se skip breek, spat dit gelowiges en ongelowiges nat. Almal ly onder inflasie, hoë brandstofpryse, oorloë en droogtes. Ongelowiges en gelowiges word siek en gaan dood.

In 'n woeste seestorm sien ons die ontoereikendheid en nutteloosheid van menslike pogings. Eers gaan die vrag oor boord (vs 18); hierna gaan selfs die skeepsgereedskap oorboord (vs 19); en eindelijk gaan "alle hoop om gered te word" oorboord (vs 20); en die dieptepunt van wanhoop: hulle hou op om te eet (vs 21).

Wat is die roeping van die kerk in die storms van die lewe? In dié omstandighede tree Paulus as 'n kragbron na vore. Nie omdat hy dit alles in homself het nie, maar omdat hy self eers deur die Here versterk is. Te midde van die geloei van die wind en die donkerte om en in hulle, bemoedig hy almal aan boord. Hy verwys hulle na 'n belofte van God – "die God aan wie ek behoort, wat ek ook dien" (vs 23). Vertrou op sy belofte.

Dié God is nog altyd daar, ook vir u! Dink daaraan as die storms ook oor u lewe losbars. God is nog daar, die lewende God, die Vader van Christus. "God aan wie ek behoort, wat ek ook dien." Dit is die enigste troos van Sondag 1. Ek behoort aan God en ek dien die Here, en daarom is ek in sy hande. Veilig. Geborge.

As voorbeeld van volle vertroue in God gaan Paulus hulle voor in 'n dankgebed en begin self eet (vs 35). Sy kalme en rustige optrede is 'n magtige getuigenis vir die lewende God. Dit is waar: die kerk is die kurk waarop die wêreld dryf.

Sing: Psalm 40:8

Prof F Denkema (Emeritus)